# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 281 · 23 SEPTEMBER 2022**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## LO-PROJEK WENNERS!

Die LO-departement van Hoërskool Framesby is baie trots op twee graad 11C- leerders. Danielle du Preez en Kayleigh Erasmus het 'n landwye kompetisie met hul LO-taak-inskrywing gewen. Hoërskool Framesby het sedert Julie 2022 by die "teenactiv" LO-program aangesluit.




Voorts het die graad 11's hierdie kwartaal die projek van "teenactiv" as assesseringstaak gedoen. Die opdrag was om 'n bewusmakingsveldtog teen geslagsgebaseerde geweld in die gemeenskap te ontwerp en te loods. Leerders het die keuse gehad om hul taak dan vrywillig vir 'n landwye kompetisie in te skryf. Kayleigh en Danielle het ingeskryf en is as wenners aangekondig. Hulle het die eerste prys uit 450 inskrywings verwerf.

Ons as skool is sommer baie trots op hul projek van uitstaande gehalte en die besondere prestasie. Die feit dat hul eie inisiatief geneem het om in te skryf en boonop 'n taak van hoogstaande gehalte gelewer het, is bewonderenswaardig. Baie geluk namens die Framesby-gemeenskap. Hul projek se titel is: DRAFSTAP geweld teen vroue en kinders DISNIS. Ons plaas die skakel om die projek op Instagram te besigtig. https://www.instagram.com/draf.stapteengeweld



## FRAMESBY- RUITERS PRESTEER BY SANESA







Hoërskool Framesby se perderuiterspan het puik presteer by die 2022 Oos-Kaapse SANESA (South African National Equestrian Schools Association) Prysuitdeling wat Vrydagaand, 16 September 2022, by PE Riding Club plaasgevind het. Hoërskool Framesby se span, bestaande uit Leandri Wessels, Kiara Hough, Zandri Stumke en Mia Harmse het 'n 1ste plek vir Western Mounted Games en 'n 3de plek vir Stadium Eventing in die Oos-Kaapse Hoërskole Kategorie behaal. Hoërskool Framesby behaal die 2de meeste totale punte vir Oos-Kaapse Hoërskole in 2022, naas Woodridge College.

Leandri Wessels behaal die volgende individuele toekennings:

- Western Mounted Games Hoërskool Wenner 2022
- SANESA Hoërskool Ruiter en Veelvuldige Perde met die Meeste Punte Wenner
- Leandri Wessels & On The Bayou 2de Meeste Punte Wenner Oos-Kaap Hoërskole
- Leandri Wessels & Nasheeta 3de Meeste Punte Wenner Oos-Kaap Hoërskole.

Drie van Hoërskool Framesby se ruiters, Kiara Hough, Leandri Wessels and Zandri Stumke is verkies om die SANESA Oos-Kaap Skolespan by die SANESA Nasionale Western Mounted Games Kompetisie te verteenwoordig, wat vanaf 2 tot 5 Oktober 2022 by die Afridome in Parys, Vrystaat plaasvind.

## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG · 24 SEPTEMBER**

-

**SONDAG · 25 SEPTEMBER**

Micaela Fourie
Fredre Gouws

**MAANDAG · 26 SEPTEMBER**

Teagan Ludwig
Anlo Swart
Lanzelle Kruger
Mieke de Lange
Reuben Fourie

**DINSDAG · 27 SEPTEMBER**

Abigail Diedericks
Rico le Roux

**WOENSDAG · 28 SEPTEMBER**

Aurelia Swanepoel
Marinica Ferreira
Donovan Swanepoel

**DONDERDAG · 29 SEPTEMBER**

Zane Nysschens
Sonja du Plessis

**VRYDAG · 30 SEPTEMBER**

Anushka Schoultz
Melissa Dillon

## Onthou die datum!

**9 NOVEMBER 2022 om 19:00**
Inligtingsaand vir Gr 8's van 2023

**18 NOVEMBER 2022**
Framesby Gholfdag

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal die woorde van Albert Einstein aan: "The world is a dangerous place, not because of those who do evil, but because of those who look on and do nothing". Beslis ware woorde in die tyd waarin ons leef.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) 26 SEPTEMBER 2022 – 30 SEPTEMBER 2022
Normale skool hervat vir die laaste week van die kwartaal. Ouers, ek doen 'n beroep op u om toe te sien dat leerders elke dag by die skool is. Ek herhaal dat hier 'n belangrike opvoedkundige beginsel is dat hoe jy begin, is ook hoe jy eindig. Kom ons pas die korrekte opvoedkundige beginsel toe en sien toe dat leerders by die skool is.

Op Donderdag, 29 September 2022 het ons weer ons pretdag vir ons leerders wat gratis is. Daar sal 'n voogperiode aan die begin van die dag wees en die skool sluit om 13:00. Leerders kan gemaklike klere aantrek asook hul swemklere saambring. Onthou ook hul sonbrandroom en hoed. Die volgende aktiwiteite sal aangebied word:

Muurklim
Glykabel
Sumo-pakke
Tafelvoetbal
Tafeltennis
Jenga
Meganiese bul
Vlugbal
Double surfslide
Four lane surfslide
5 aan 'n kant - Netbal
6 aan 'n kant - Tag rugby
8 aan 'n kant - Hokkie

Klasse sal Vrydag, 30 September 2022 slegs vir die volgende vakgroepe wees:

Graad 10 Wiskunde [07:30 – 10:00]
Graad 11 Fisiese Wetenskap [07:30 – 10:00]

Die leerders sal hul rapporte op Vrydag, 30 September 2022 op volgende tye kan kom afhaal:

Graad 8 - 12: 07:00 tot 08:00 [Die Kosblik]

B)MATRIEKAFSKEID
Die matriekafskeid vind op Saterdag, 8 Oktober 2022 by Tramways plaas.

Ouers, ons vertrou dat dit 'n pragtige aand sal wees ter afsluiting van ons graad-12 leerders se skoolloopbaan.

Ek doen nou al 'n beroep op al ons graad 12 ouers om toe te sien dat leerders verantwoordelik sal optree en dat goeie reëlings deur u as ouers in plek gestel sal word vir die aand.

C)SPORT- EN KULTUUR AAND/MERIETEDIPLOMAPLEGTIGHEID/AKADEMIESE PRYSUITDELING
Die volgende belangrike datums moet u dagboek vir die 4de kwartaal:

Maandag 17 Oktober 2022 Sport- en Kultuuraand

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Dinsdag 18 Oktober 2022 — Merietediplomaplegtigheid [Graad 8 – 10]
Woensdag 19 Oktober 2022 — Afsluitingseremonie – [Graad 12]
Donderdag 20 Oktober 2022 — Merietediplomaplegtigheid [Graad 11 – 12]
Akademiese Prysuitdeling

D) NOVEMBER-EKSAMENROOSTER GRAAD 12
Aangeheg die FINALE November-eksamenrooster vir die Graad 12's.

E) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

F) KENNISGEWING VAN NOMINERING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAAMLEDE
Aangeheg die kennisgewing van nominering en verkiesing vir 2 vakante beheerliggaamposte by HS Framesby. Mnr. M de Vries is aangestel as ons kiesbeampte.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.



MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# NOVEMBER EKSAMEN GRAAD 12
# 25 OKTOBER – 5 DESEMBER 2022

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| | **WEEK 1** | |
| Dinsdag<br>25 Oktober | RTT (CAT) V1 Prakties<br>3 h | |
| Woensdag<br>26 Oktober | IT V1 Prakties<br>3 h | |
| Maandag<br>31 Oktober | ENG HL P1<br>ENG FAL P1<br>2 h | |
| Dinsdag<br>1 November | | |
| Woensdag<br>2 November | Afr. HT V1<br>2 h | |
| Donderdag<br>3 November | | IGO V1<br>3 h |
| Vrydag<br>4 November | Wisk. V1<br>WG V1<br>3 h | |
| | **WEEK 2** | |
| Maandag<br>7 November | Wisk. V2<br>WG V2<br>3 h | |
| Dinsdag<br>8 November | | |
| Woensdag<br>9 November | | RTT (CAT) V2 Teorie<br>3 h |
| Donderdag<br>10 November | | IT V2 Teorie<br>3 h |
| Vrydag<br>11 November | FW (Fisika) V1<br>3 h | |
| | **WEEK 3** | |
| Maandag<br>14 November | FW (Chemie) V2<br>3 h | |
| Dinsdag<br>15 November | Geografie V1<br>3 h | |
| Woensdag<br>16 November | Rekeningkunde V1<br>2 h | IGO V2<br>3 h |
| Donderdag<br>17 November | Eng. HL P2<br>Eng. FAL P2<br>2½ h | |
| Vrydag<br>18 November | LW V1<br>2½ h | |

| WEEK 4 | | |
|---|---|---|
| Maandag<br>21 November | LW V2<br>2½ h | |
| Dinsdag<br>22 November | | Geografie V2<br>3 h |
| Woensdag<br>23 November | | BS V1<br>2 h |
| Donderdag<br>24 November | Afr. HT V2<br>2½ h | Toerisme<br>3 h |
| Vrydag<br>25 November | Rekeningkunde V2<br>2 h | |
| **WEEK 5** | | |
| Maandag<br>28 November | | |
| Dinsdag<br>29 November | | BS V2<br>2 h |
| Woensdag<br>30 November | Eng. HL P3<br>3 h<br>Eng. FAL P3<br>2½ h | |
| Donderdag<br>1 Desember | Verbruikerstudie<br>3 h | |
| Vrydag<br>2 Desember | Afr. HT V3<br>3 h | |
| **WEEK 6** | | |
| Maandag<br>5 Desember | Musiek V1 Teorie<br>3 h | Musiek V2 Begrip<br>1½ h |
| Dinsdag<br>6 Desember | Drama<br>3 h | |
| Woensdag<br>7 Desember | RTT en IT Prakties<br>3 h<br>(herskryf) | |

# FRAMESBY SKITTER BY ATKV-REDENAARS

Hoërskool Framesby se redenaars het aan die halfeindrondte van die ATKV-Redenaarskompetisie deelgeneem, en hulle uitstekend van hul taak gekwyt! Milla Otto, Milla van der Merwe, Alouise Vosloo en Mé-Jean du Preez het die skool by hierdie gesogte kompetisie, wat by Hoërskool Grey aangebied is, verteenwoordig, en daar is weereens bewys dat dié Framesbiane nie op hul monde geval is nie. Die leerders het uitstekend gevaar en die volgende leerders het almal top-10 plekke behaal:

**Graad 8-9 Huistaal (Voorbereid):**
8ste: Alouise Vosloo
10de: Mé-Jean du Preez

**Graad 10-12 Huistaal (Onvoorbereid):**
3de: Milla Otto

Ons is baie trots op ons leerders, en sien uit om te hoor wat hulle alles nog gaan sê.




# 6 DOGTERS OPGENEEM IN OP-KRIEKETSPAN

Baie geluk aan die volgend dogters wat in verskeie OP-krieketspanne opgeneem is. Hulle is: Reze van Rooyen (0/16), Danika Marais (0/16), Daniel Botha (0/16), Ankia Kapp (0/16), Janelle van Hall (0/16-reserwe) en Leila Nel (0/19).

# FRAMESBY BEGIN DIE ATLETIEKSEISOEN OP 'N HOË NOOT

Slegs vyftien Framesby-atlete het aan die eerste atletiekliga wat by die Oval plaasgevind het, deelgeneem.
Die toetsreeks en die lang winterseisoen het veroorsaak dat baie van ons topatlete nie deelgeneem het nie. Nietemin het ons die atletiekseisoen op 'n hoë noot begin.

Twee atlete se prestasies wat ons wil uitsonder, is Shaun- Michael Sharneck wat 'n afstand van 52,10 in die seuns 0.17-afdeling behaal het, asook Zanri Black wat 'n eerste plek in die 200m en 800m in die dogters 0.17-afdeling behaal het.

Die volgende atlete het ook uitstekend gevaar en onder die eerste drie plekke geëindig:
Eerste plekke:
- Jamie-Lee Bester (dogters 0/15- 3000m)
- JJ de Lange (seuns 0.15-paalspring)
- Alexia Meiring (dogters 0.15-paalspring)
- Inge van Eyk (dogters 0.17-paalspring)

Tweede plekke:
- Meke de Vries (dogters 0.15- 90m hekkies)
- Alouise Vosloo (dogters 0.15- 3000m)

Derde plek:
- Anneke Grobler (dogters 0.15-200m)





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LANDLOOP: SA-KAMPIOENSKAPPE

LANDLOOP-  SA-KAMPIOENSKAPPE IN RUSTENBURG

Vier van Framesby se atlete het aan die SA-Landloopkampioenskappe in Rustenburg deelgeneem. Die hitte en lugdruk het die atlete laat les opsê, maar die atlete het nogtans waardevolle ondervinding opgedoen. Die onderstaande foto's vertel meer van hul wonderlike ondervinding! Die volgende atlete het deelgeneem: Ilke Wolmarans (0/15), Esmerie Oberhauser (0/15), Dallian Oerson (0/15) en Elanca Van Jaarsveld (0/17).








# LANDSDIENS MAAK KRAALKROKODILLE

‘n Paar van die kraalkrokodille wat die landsdiensleerders besig is om te maak. Knap gedaan! Dit lyk pragtig.





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# TENNIS SPRING CLINIC

2022

| 5,6,7 OCTOBER 2022 | VENUE: FRAMESBY HOËRSKOOL | FEE R190 per day per player |
|---|---|---|

Junior and Senior groups

Duration: 2 hours per day

Daily time slots:

- 9:00 to 11:00 (Juniors)
- 12:00 to 14:00 (Seniors

Contact: Kristin Tagg on info@evolvetennis.co.za or Danie Van Zyl on 073 298 6616 to book your slot

Phyiscal Address: 20 Cornelia Avenue, Port Elizabeth

www.evolvetennis.co.za

EVOLVE TENNIS ACADEMY

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

COACHES: WILANIE VAN ZYL & RUAAN WELGEMOED




*Beskikbaar tweede pouse en na skool slegs op bestelling*

Week 1

## MAANDAG

Macaroni & Cheese served with green salad

## DINSDAG

Crumbed salsa chicken wings served with Potato wedges and salad

## WOENSDAG

Boerewors roll topped with Tomato and onion relish served with fried chips

## DONDERDAG

Chicken Prego Roll served with Chips

## VRYDAG

Ham & Cheese Pizza

**VIR BESTELLINGS:**
**DIANNE: 071 571 3648**
**E-POS: WSPE.FRAMESBYHS@EMPACTGROUP.CO.ZA**

Die KOSBLIK Hoërskool Framesby

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: MICHELLE SIMON






*Michelle Simon*

In 2003 stap ek in by die hekke van Hoërskool Framesby – benoud maar gevul met opwinding. Ons word ontvang deur die Monitorbestuur die dag voor skool begin en die oriëntering as "kwappe" begin. Met 'n broer in matriek, weet ek hy hou 'n waaksame oog oor my, maar tog geniet hy en sy vriende my oriëntering net te veel. Die oriënteringsweek is gevul met aktiwiteite en die Monitorbestuur het nie gekroom om ons besig te hou nie.

Op skool was ek meestal onder die radar. Ek het nie uitgeblink op sport, kultuur of akademie nie. Ek was deel van die sosiale tennisspan, maar altyd stilweg gewens ek het die vertroue gehad om te probeer vir 'n plek in 'n span. Ek neem ook deel aan Landsdiens en af en toe aan 'n Wiskunde Olimpiade of Eskom Expo. Ek mik elke eksamen om akademiese klere te verwerf, maar mis dit elke keer met 'n paar punte.

As ek terugdink aan my tyd by Framesby, besef ek hoe groot impak die skool en onderwysers op my gehad het. Die positiewe leiding van onderwysers pas in soos stukke van 'n legkaart wat my as volwassene help vorm het. Mnr. Terblans maak my oë oop vir die liefde van die natuur en om dieper te kyk – dat elke klein organisme sy doel en rol het, maak nie saak hoe klein nie. Later met UNISA

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

studies dink ek terug aan die Landsdiens en Biologie klasse met mnr. Terblans. Mev. Jordaan plant die saadjie vir die liefde van Afrikaans-lees wat eers as volwassene ontkiem het – ek kan haar steeds hoor Raka lees. Mnr. Lombard herinner ons gereeld dat ons sukses van onsself afhang en dat harde werk nodig is om ’n sukses te maak. Op my pad om my vlieglisensie te verwerf, klink die woorde in my kop.

In Graad 11 ervaar ek vir die eerste keer die ervaring van vlieg in ‘n helikopter en die vlieggogga byt. Met ’n bietjie navorsing leer ek dat ‘n kommersiële vlieglisensie meer as R500 000.00 kos met byna geen finansieringsopsies nie. Ek begin dink aan ’n plan B en word al hoe meer benoud soos my vriende hul na skoolse planne bespreek en vasmaak. Na die matriekeksamens begin ek by ‘n plaaslike vliegskool as grondbemanning en algemene helper werk terwyl ek ’n plan B probeer vind om my helikopterlisensie te finansier. Na ’n jaar bied die vliegskool my ‘n pakket van 1.5 vliegure per maand as betaling. Met bloed, sweet, trane en baie ondersteuning van my familie voltooi ek my privaatlisensie in 2010. Ek neem ‘n tweede werk aan om op naweke vliegtuie te was vir ‘n ander vliegskool vir ekstra geld om die kommersiële vliegeksamens te kan begin skryf, maar die werk stop so vinnig soos dit gekom het as gevolg van vliegbeperkings met die sokkerwêreldbeker. In Augustus 2010 word ek ’n soortgelyke pos aangebied in Johannesburg, maar met ’n beter pakket van 2 ure per maand sowel as enige addisionele vlugte wat dalk mag opduik. Die pos is ’n seëning van die Here! Ek bevind myself onder die leiding van ervare vlieëniers en instrukteurs met ’n hoë standaard van vliegonderrig en is vandag nog dankbaar vir die kennis wat ek daar geleer het.

In 2012 kwalifiseer ek as ‘n kommersiële helikoptervlieënier en word ’n instrukteurspos aangebied deur die vliegskool wat ek met blydskap en opwinding aanvaar. In 2015 word ek ’n posisie in Durban aangebied as “Chief Flight Instructor” by ’n helikopter vliegskool en verhuis Durban toe. Die skool is kort daarna oorgeneem deur nuwe bestuur wat ook meer geleenthede gebied het. In 2018 voltooi ek my ATPL en verhuis kort daarna weer na Johannesburg toe om vir die sustermaatskappy te werk. Tans is die meeste van my vlugte vir korporatiewe kliënte en bevind ek myself gereeld in Mosambiek en van tyd-tot-tyd in DRC, Kongo en Botswana en sal binnekort vir ongeveer 3 weke in Pemba vir die VN vlieg.

In 2020, met Covid, besef ek hoe vinnig die vliegbedryf kan verander en besluit om by UNISA in te skryf vir 2021 en het begin met ’n BSc in Lewenswetenskap. Ek is tans besig met my tweede jaar tussen die vliegverantwoordelikhede. Tussen die vlieg en studies, draf ek graag en werk as vrywilliger by Border Collie Rescue waar ek ook my hond, Buddy, aangeneem het.

Framesby bied geleenthede vir elke individuele student om te kan groei en hul potensiaal te kan bereik met die leiding en ondersteuning van ‘n uitstekende onderwysspan. Ek sal altyd dankbaar wees vir die fondasie wat by Hoërskool Framesby gebou was .





SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby

Cornelialaan
Framesby Port Elizabeth
Tel: (041) 360 1257

Skoolhoof: Mnr. M. Germishuys

E-pos : skoolhoof@framesby.co.za
Webwerf : www.framesby.co.za

Posbus 28065
Sunridgepark 6008
Faks: (041) 360 7787

# KENNISGEWING VAN NOMINERING EN VERKIESING

Kennis geskied hiermee van die **nominasieproses** wat gevolg word vir die **verkiesing** van benoemdes vir (2) twee **OUERLEDE** vir die beheerliggaam van Hoërskool Framesby. Nominasievorms is vanaf 19 September 2022 by die Skoolhoof se kantoor beskikbaar en moet voor 10:00 op 29 September 2022 by die Skoolhoof se kantoor ingehandig word. Vir ouerbenoemdes moet die benoemde, voorsteller en sekondant ouers van leerders van die skool wees. Benoemdes moet ouers wees wat nie in diens van die skool is nie.

Nominasies sal dan sluit en gefinaliseer word vir die **vergadering** wat om 17:00 op 11 Oktober 2022 'n aanvang neem, met die verkiesing in die Skoolsaal van Hoërskool Framesby. Minstens 15% van kiesers is nodig om 'n kworum te vorm voordat die stemming en tel van stemme kan voortgaan.

Indien ons nie die 15% kiesertal haal nie, sal die verkiesingsvergadering om 07:00 op Maandag, 24 Oktober 2022 in die Skoolsaal van Hoërskool Framesby plaasvind, wanneer dit nie nodig sal wees vir 'n kworum voordat met die stemming en tel van stemme voortgegaan kan word nie.

Die lys van genomineerde ouers met toepaslike inligting sal vanaf om 16:00 op 11 Oktober 2022 in die saal vir ouers beskikbaar wees.

Dit is die verantwoordelikheid van die benoemde, voorsteller, sekondant en alle kiesers om te verseker dat hul name op die skool se kiesersrol, wat vanaf 08:00 tot 12:00 per afspraak by die skool besigtig kan word, verskyn, of alternatiewelik is die inligting by die skool beskikbaar. Neem asseblief kennis dat die name van alle ouers op die kiesersrol geplaas word, volgens ons administratiewe program, wat by die skool besigtig kan word. Die kiesersrol sluit op 29 September 2022.

Enige onsekerhede of navrae kan met u Skoolhoof bespreek word.

**MNR M. DE VRIES**
**KIESBEAMPTE**
**01 September 2022**

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

PSG Wealth Insure

# Big Picture Insights



## Bestuur jou nalatenskap deur behoorlike boedelbeplanning en jou testament

Baie van ons is altyd besig om “goed” bymekaar te maak, waarvan party hetsy om finansiële of sentimentele redes vir ons baie belangrik is, terwyl ander van minder belang is. Ons kan sommige goed sien en aanraak, soos ’n motor. Ander kan nie gesien word nie, maar is net so belangrik, soos die reg op iets wat in ’n trust bewaar word. Maar wat gebeur met al hierdie “goed” wanneer ons die dag te sterwe kom?

### Die opstel van ’n testament verg ’n strategie in die vorm van boedelbeplanning – watter oorwegings moet jy in gedagte hou?

Voordat ’n mens dit op skrif stel, moet jy mooi dink hoe jou testament onbedoelde gevolge kan hê. Met behoorlike boedelbeplanning kan al hierdie oorwegings beter bestuur word. Boedelbeplanning behoort ’n komponent van ons breë finansiële beplanning te wees. Dit help ons om ons sake te orden en te sorg dat ons geliefdes by ons afsterwe in die beste moontlike finansiële posisie gelaat word.

### ’n Kernelement van boedelbeplanning is hoe die boedel belas sal word

Belasting moet nooit die enigste faktor wees wat oorweeg word nie, maar ons moet belastingdoeltreffendheid in die uitvoering van ons wense probeer verseker. Oorwegings sluit in om belasting te vertraag deur besittings aan ’n oorlewende gade na te laat, of voor afsterwe ’n skenking te doen aan ’n trust of ’n ander party. Nog ’n belangrike oorweging is likiditeit in die boedel, om te sorg dat daar genoeg kontant is om skuld te vereffen en belasting te betaal. Dit sal verhoed dat kosbare bates soos die gesin se huis noodgedwonge verkoop moet word. Waar likiditeit dalk onvoldoende is, moet geskikte lewensdekking oorweeg word wat kontant aan die boedel sal betaal.

### Wanneer ’n boedelplan in plek is, het jy ’n testament nodig wat aan verskeie reëls voldoen

In ’n wêreld waar kommunikasiemedia deurentyd verander, het die kommunikasie van ons wense vir die hantering van ons besittings by afsterwe redelik formeel gebly. Die wet stel formele vereistes vir testamente om geldig te wees. Die getuies by jou ondertekening van die testament moet byvoorbeeld ouer as 14 wees, nie begunstigdes van die testament wees nie en moet fisies teenwoordig wees wanneer jy die testament teken, en hulle moet hul handtekeninge byvoeg. Daar is ook verskeie ander formaliteite. Een verkeerde stap kan veroorsaak dat die hele testament ongeldig is. By afsterwe sonder ’n geldige testament word die boedel volgens intestate erfopvolging verdeel. Dit beteken ons bates word namens ons volgens vasgestelde regsreëls verdeel. Dit kan daartoe lei dat bates toegeken word aan ’n familielid wat dit nie nodig het nie, of nie in staat is om dit te bestuur nie.

’n Testament kan eenvoudig wees, soos om ’n paar mense as erfgename te benoem. Dit kan egter baie meer ingewikkeld raak, in welke geval ’n trust kan help om bates na jou dood te bestuur. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ander elemente soos jou huweliksbedeling, egskeiding en bates wat in ’n buitelandse jurisdiksie gehou word, ook ’n invloed het op hoe jou testament opgestel word – beide in Suid-Afrika en, wanneer nodig, in die buiteland.

’n Artikel soos hierdie kan nooit al die toepaslike oorwegings dek nie. Jou finansiële adviseur kan jou deur hierdie proses lei op ’n wyse wat die beste vir jou omstandighede werk en by jou breë finansiële plan inpas.

*Skrywer: Gerhardt Meyer, Strategiese Tegniese Bestuurder, PSG*

Vriendelike groete



**T** +27(41) 392 6900 | Kaapweg 146, Mill Park, Gqeberha, 6001.

Affiliates of the PSG Konsult Group are authorised financial services providers.
**PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is an authorised financial services provider. FSP 728**



WE LOVE TO BRAAI

@

# URBAN BRAAI

THE SOUTH AFRICAN WAY

041-3600331